NG KERK KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 6 OKTOBER 2024

## TWINTIG SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Wêreldvrede***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Amos 5:6-7, 10-15; Psalm 90:12-17;**
**Hebreërs 4:12-16; Markus 10:17-31**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 6 OKTOBER** | |
| | BIDDAG VIR DIE BEDIENING AAN DIE JODE |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Kleuterkerk en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Bediening aan Jode<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman |
| • | **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens |
| **GEEN** | **Gemeentetee** |
| **MAANDAG, 7 OKTOBER** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 8 OKTOBER** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 9 OKTOBER** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |

| DONDERDAG, 10 OKTOBER |
|---|
| 09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal<br>19:00 Uitvoerende kommissie vergadering<br><br>Sopbeurte: Mari Bothma, Ronel le Grange, Roezan Lewis, Lyta van Wyk, Jacomina Swart, Surina Viljoen |
| **VRYDAG, 11 OKTOBER** |
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 12 OKTOBER** |
| |
| **SONDAG, 13 OKTOBER** |
| **EEN EN TWINTIGSTE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD**<br>PREDIKANTE WAARDERINGSDAG<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Kleuterkerk en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Predikantebegeleiding<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger<br><br>• **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Lorraine Butler (Othello) is in die hospitaal.
2. Christina Olivier (Othello) is oorlede.
3. Cedric Pretoruis (Angelierstraat) se operasie was 'n sukses en sterk aan in Durbanville Hospitaal. Die gesin en familie sê baie dankie vir gebede, omgee en meelewing van gemeentelede en vriende.
4. André en Ronél Marais (Klein Zevenwacht) het 'n kleinseun ryker geword.
5. Anna van Wyk (Bottelary) se suster is oorlede.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



06/10 Jerome Losper, Trevor Langridge, Rentia Kleinhans, Juanita Geyer, Janke Smuts, Francien Johannes
07/10 Margaret Valentine, Ronelda Visser, Christie Myburgh(81), Fafa Kotze, Botha Vorster, Shariska Nel
08/10 Flip Hugo, Juna van der Merwe, Gian Engels, Darryl-Lee Arendse
09/10 Antoinette Herselman, Anke Basson, Kuyper Albertyn, Mari Botma, Theo Lombaard (91)
10/10 Johan en Louise Bezuidenhout, William Robertson, Carlien van der Merwe, Sindie Nell, Anchün van Wyk
11/10 Zanika de Mon, Amor Neethling, Lucian van Huyssteen, Rosslyn Abrahams
12/10 Leon Fourie

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Hannes is tans met verlof en is 9 Oktober weer aan diens.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER


## Bediening aan die Jode

Bid asseblief vir me Jeanie de Wet wat na Jode uitreik met die Evangelie, asook vir die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel in Kaapstad. Messiaanse Jode is Jode wat glo dat Jesus die Messias en Here is. Hulle is Christen-Jode. Beit Ariel hou eredienste, vier Joodse feeste en leef hulle geloof uit vanuit die perspektief dat die Messias reeds gekom het en weer kom. Bid ook vir hulle uitreik na Joodse Christene wat nie lidmate van Beit Ariel is nie en na Jode wat nie glo dat Jesus die Messias is nie.

Me Jeanie de Wet | 072 408 6458| simchaministry@gmail.com

# KOSMANDJIE

Die Kosmandjie deel God se genade uit aan hulle wat dit nodig het.
Dankie dat jy deur jou bydrae hieraan deelneem.
Enigiets is welkom, veral die items wat op ons lysie verskyn.



Spenslys: koffie /tee /melk / suiker
mieliemeel / kitsmieliemeel / hawermout
soya(400g-pakkies) / rys
blikkies - tamatie / tuna / groente
grondboontjiebotter
tandepasta / sjampoe
skottelgoedseep / wasgoedseeppoeier 2kg-pakkies

Mandjie-groete

# KLERE EN VERE

Die **OpWipWinkel** (boeke en klere) kon R3245.00 by De Eike se basaarfonds voeg.
Baie Dankie!

Kleinpoort Plaasskool se kinders is erg in hul noppies met hul serpe, musse en handskoene - Nogmaals Dankie!

Bring asseblief vir ons - skoene, klere, linne, wol, materiale, kombuisware of speelgoed - énigiets wat jy wil weggee.
Ons het baie planne daarmee!

Groetnis
2 Vere



&



# AKSIE SAMARITAAN

# KERSFEES KOSKOUS PROJEK

Die volgende versoek is ontvang vanaf Aksie Samaritaan.

Help ons om Kersfees vir die haweloses ook spesiaal te maak deur ‘n koskous geskenkpak te borg teen R250 per pak of ‘n enkele koskous teen R50 per kous. Ons wil graag 120 geskenkpakke uitdeel.

Ons benodig ook borge vir geskenkies en partytjie pakkies vir 30 kinders teen R250 per kind.

As jy op enige manier kan help, kontak Jakkie by 082 453 3862.

Kontantbydraes kan ook in die bankrekening inbetaal word met die verwysing KERSFEES. Koskouse moet bestel word teen 15 November 2024 om betyds te wees vir die afsluiting op 16 Desember 2024. Dankie vir jou bereidwilligheid. Mag God jou ryklik seën.

Let daarop dat Aksie Samaritaan se bankbesonderhede verander het van ABSA na CAPITEC BUSINESS BANK. Rekeningnommer 105 233 1530 takkode 450105.

Gaan kyk gerus op www.foodsock.co.za wat ‘n koskous is.

# SAREPTA DAMESKOOR

Die dameskoor van die VG Kerk Sarepta, wat onlangs tydens ‘n erediens by ons opgetree het, bied ‘n konsert aan op Sondag 3 November 2024 hier by ons gemeente om 16:00. Kaartjies teen R100 per persoon is nou reeds by ons kerkkantoor beskikbaar.

Hierdie konsert is deel van hul fondsinsameling poging om hul reis na Mauritius te finansier.

Hulle is genooi om 26 September tot 6 Oktober 2025 deel te neem aan Afrika Asië koorspele.

Indien jy vir hulle ‘n donasie wil gee, kontak vir Mariana by ons kerkkantoor vir meer inligting en bankbesonderhede.

Kom ondersteun gerus ons buurgemeente en geniet hul sang.

Vir meer inligting skakel 083 691 2173.

# SKOOLVERLATERS

Die Jeug Kommissie wil graag vanjaar weer tydens die oggenddiens van 20 Oktober 2024 aan al ons matrikulante ‘n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die Kerkkantoor teen 14 Oktober 2024, sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

Leila Allie-Reid
Karla Andrews
Ané Botes
Emily Clark
Daniel Du Plessis
Daclan Jefthas
Rynho Swart

# TIENDEMAANDDANKOFFER

Die Tiendemaanddankoffer insameling vind vanjaar plaas op Sondag 27 Oktober 2024.

Die koeverte is reeds versprei na die blokleiers. Kontak gerus jou blokleier of dienswerker indien jy nog nie 'n koevert ontvang het nie. Andersins is jy welkom om 'n koevert by die kerkkantoor af te haal.

Dankoffers kan ook per EFT gedoen word na dieselfde rekening by ABSA – gebruik verwysing **10de Maand.** Rekeningnommer is 3010 590069 – takkode 632005.

# KINDERKERK

Ons is op soek na 'n klasleier vir 2025, vir graad 4.
Ons klasleiers hoef geen lesse uit te dink of te gaan soek nie. Alle materiaal vir aktiwiteite word vir hulle gegee, volgens my beplanning wat ek van die Jeugkantoor ontvang.
Die klasleiers bestel elke week hul afskrifte vanaf die kerkkantoor, en moet dit darem net deurlees om te sien wat hulle met die kinders gaan doen. Soms moet daar goedjies aangekoop word vir 'n aktiwiteit, waarvan die kostes van die kerkkantoor geëis kan word.
Die enigste nadeel is dat ons klasleiers nie elke Sondag kan kerk toe gaan nie, maar as die leier 'n mamma is, is dit weer 'n lekker voorreg om die Kinderkerk saam met jou kinders te beleef.
Met gesins- en jeugdienste kan jy kerk toe gaan, sowel as langnaweke en vakansies.
Gaan hoor by die Here of die Kinderkerk 'n plek is waar jy jou gawes kan gebruik.
Groete
Riëtta Odendal
0829040950 en r.odendal@mweb.co.za

# HUIS DE KUILEN

*Buitelugfees*

Saterdag 26 Oktober om 09:00

Huis de Kuilen vra weer om hande te vat met hulle en sodoende hul fees 'n sukses te help maak.
Hulle benodig 'n groot verskeidenheid van bestanddele, gebakte items, lekkergoed, groente en vrugte en ander items. Kontak ons kerkkantoor vir die volledige lys.

Sperdatum vir hierdie items is 18 Oktober.

# BEDIENAARSKURSUS

Stel jy dalk belang daarin om ‘n BEDIENAARSKURSUS te doen?

Hugenote Kollege by aan ‘n **Aanlyn Kerk Geakrediteerde sertifikaat in Teologie vir die verdieping van geloof en dissipelskap.**

Van die kern temas is:

- Bybelkennis en Bybel-lees vaardigheid
- Godsbegrip en die drie-eenheid
- Missionale Leierskap
- Kerkbegrip en gemeenskap

‘n Aanlyn inligtingsessie word gehou:
Datum: 17 Oktober 2024
Tyd: 18:00 tot 20:00
Platform: ZOOM
Registreer: https://forms.gle/cX8P7ZHtChJ5epeH6
Navrae: Ds Jaco Botha by stb4@hugenote.ac.za

# BYBELS TE KOOP

‘n Bybel is die ideale geskenk vir Kersfees of vir enige spesiale geleentheid soos byvoorbeeld Belydenisaflegging.

Die Bybelgenootskap bied vir ‘n kort tydperk die 2020 Bybels teen spesiale afslagpryse aan.

Die volgende is beskikbaar:

- Gewone druk, swart hardeband – R112 (normale prys 159)
- Gewone druk, luukse leeromslag met duimindeks – R274 (gewone prys R549)
- Grootdruk, swart hardeband – R385 (gewone prys R549)
- Grootdruk, luukse leeromslag met duimindeks – R574 (gewone prys R819)

Bestellings kan by die kerkkantoor geplaas word teen 23 Oktober. Betaling is eers nodig wanneer dit afgehaal word.

# PREEKSKETS

**TEMA – ONS STAAN IN VERWONDERING VOOR GOD**



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Psalm 8:1-5

1. Inleiding. Wanneer ons aan God dink – die Skepper van die hemel en die aarde – behoort ons in verwondering te staan. Ons verstaan van God se grootheid en Sy nabyheid is iets wat ons verstand te bowe gaan.

2. God is groot en magtig!. In Psalm 8 verwys Dawid na die hemelruim en die sterre as bewys van God se grootheid. Hy sê dat as hy opkyk na die hemel, hy die werke van God se hande sien. Die omvang van die skepping laat ons klein en nietig voel. Dit herinner ons daaraan dat God veel groter is as enigiets wat ons kan begryp. Elke sonsopkoms, elke ster, en elke lewende wese wat Hy gemaak het, herinner ons en roep ons tot verwondering en aanbidding want God is naby ons.

3. God is naby ons. Terwyl God so groot en almagtig is, herinner Psalm 8 ons dat Hy ook persoonlik na ons omsien en in ons lewens teenwoordig is. Hierdie waarheid behoort ons in verwondering te bring: die Skepper van die heelal het ‘n persoonlike belangstelling in jou en my! Hierdie wete dring my tot onvoorwaardelike oorgawe en vertroue in die Here.

4. Verwondering bring oorgawe en vertroue. As ons besef hoe groot God is en hoe onbeskryflik Sy onverdunde liefde en omgee vir ons, kan ons Hom volkome vertrou met ons lewens. Verwondering oor God verander jou lewe. Dit inspireer ons om te reageer.

5. Hoe reageer ons wanneer ons in verwondering voor God staan? Ons verwondering oor God kan nie passief wees nie. Dit moet ons dryf om aktief te lewe in aanbidding en gehoorsaamheid. Ons word geroep om God te verheerlik met ons woorde, ons dade, en ons lewens.

6. Slot. Om in verwondering voor God te staan, is ‘n lewe van eerbied en respek, oorgawe, en aanbidding. Dit is om te erken dat Hy so groot is dat ons nooit Sy volheid sal begryp nie, maar dat Hy ons nog steeds ken en liefhet.